# Lesing 29.06.2018 - DEEL 40 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Die boekrol van Rut

Rut 4:1 EN **Boas** het opgegaan na die poort en daar gaan sit. En toe die losser juis daar verbygaan van wie Boas gespreek het, sê hy: Vriend, kom nader, en sit hier! En hy het nader gekom en gaan sit.

4:2 Daarop neem hy tien man uit die oudstes van die stad en sê: Sit hier! En hulle het gaan sit.

4:3 En hy sê vir die losser: **Die stuk land van ons broer EliMeleg wil Naómi, wat uit die veld van Moab teruggekom het, verkoop.**

4:4 Nou het ek gedink, ek sal jou dit meedeel en sê: Koop haar voor die wat hier sit, en voor die oudstes van my volk; **as jy wil los, los dan**; maar as jy nie wil los nie, gee my te kenne, dat ek dit kan weet, want daar is niemand **om te los behalwe jy nie, en ek ná jou**. En hy antwoord: **Ek sal los.**

4:5 Daarop sê Boas: Die dag as jy die land uit die hand van Naómi koop, dan verwerf jy **tegelyk Rut**, die Moabitiese, die vrou van die dode, **om die naam van die dode in stand te hou oor sy erfdeel**.

4:6 En die losser sê: Ek kan haar nie vir my los nie, **anders bederf ek my erfdeel**; neem jy my lossingsreg oor, want ek kan nie los nie.

4:7 En dit was vroeër in JisraEl die gebruik by Reg van Lossing en by ruiling om enige saak van krag te maak: die een trek sy skoen uit en gee dit aan die ander; dit was dan die bekragtiging in JisraEl.

4:8 Daarom het die losser vir Boas gesê: **Koop haar vir jou;** en hy het sy skoen uitgetrek.

4:9 Toe sê Boas aan die oudstes en al die mense: Julle is vandag getuies dat ek alles wat aan **EliMeleg** en alles wat aan **Giljon** en **Maglon** behoort het, uit die hand van Naómi koop.

4:10 En ook **Rut**, die Moabitiese, die **vrou van Maglon**, verwerf ek vir **my as vrou** om die naam van die dode oor sy erfdeel in stand te hou, sodat die **naam van die dode** onder sy broers en uit die poort van sy woonplek nie uitgeroei word nie. Julle is vandag getuies.

4:11 Toe sê al die mense wat in die poort was, en die oudstes: Ons is getuies; mag JaHWeH die vrou wat in jou huis inkom, **maak soos Ragel en soos Lea wat saam die huis van JisraEl gebou het;** en verwerf mag in Éfrata en maak 'n naam in Betlehem!

4:12 En mag jou huis word soos die **huis van Peres** wat **Tamar vir JeHûWdah** gebaar het - uit die nageslag wat JaHWeH jou uit hierdie jong vrou sal gee!

4:13 So het Boas Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en JaHWeH het vir haar swangerskap gegee, **en sy het 'n seun gebaar**.

4:14 Toe sê die vroue vir Naómi: Geloofd sy JaHWeH wat **aan jou** vandag **'n losser nie laat ontbreek het nie**! En mag sy naam in JisraEl geroem word!

4:15 Hy sal vir jou een wees wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg; **want jou skoondogter wat jou liefhet, het hom gebaar,** sy wat vir jou meer werd is as sewe seuns.

4:16 En Naómi het die kind geneem en op haar skoot gesit, en sy het sy **pleegmoeder** geword.

4:17 En die buurvroue het hom 'n naam gegee en gesê: **Vir Naómi is 'n seun gebore**! En hulle het hom genoem **Obed**; hy was die vader van Isai, die vader van Dawid.

Jesaja 66:7

7 Voordat Sy Weë gekry het, het Sy gebaar; voordat smart oor Haar gekom het, **is Sy van 'n seuntjie verlos**. [2 ShemuEl 1:28; 2 Konings 4:17; JeshaJaH 65:9; Openbaring 12]

66:8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Sal die Aarde op een enkele dag geboorte skenk? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want **Sion** het Weë gekry, **meteens Haar kinders gebaar**.

Isa 66:9 Sou Ek naby die geboorte bring en Haar nie laat baar nie? sê JaHWeH. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou Elohey.

Isa 66:10 Wees bly **saam met Jerusalem** en juig in **Haar**, almal wat **Haar** liefhet! Wees vrolik saam met **Haar**, baie vrolik, almal wat treurig oor **Haar** was!

Isa 66:11 sodat julle kan suig en versadig word aan die **Bors van Haar vertroostinge**; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die volheid van **Haar Glansrykheid.**

Isa 66:12 Want so sê JaHWeH: Kyk, die **Vrede** lei Ek na Haar toe soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.

Isa 66:13 Soos iemand **wat deur sy Moeder getroos word,** so sal Ek julle troos; en julle sal **in Jerusalem** getroos word.

Isa 66:14 **En julle sal Haar sien**, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras; dan sal **die Hand van JaHWeH bekend word** aan Sy knegte, en Hy sal op Sy vyande grimmig wees. [2 Ezra 7:26]